Die Winsbees
The Profit Breed

Die Drakensberger Beestelersgenootskap

The Drakensberger Cattle Breeders Society

☎ **051 410 0900** 🖷 **051 448 4220**

506 BLOEMFONTEIN 9301

✉ **drakensberger@studbook.co.za**

www.drakensbergers.co.za

MEDIAVERKLARING

Uitgereik deur: Magiel Blom
Posisie: President: Drakensberger Beestelersgenootskap
Datum: 15 Maart 2016
Kontaknommer: 051 410 0974

Drakensbergers presteer met Vleissentraal SA Stamboek Elite 2016 Vleisbeeskudde streekstoekennings

Die Drakensbergers het uitstekende resultate behaal tydens die Vleissentraal / SA Stamboek Elite 2016 Vleisbees Stoetkudde toekennings wat onlangs regoor die land in verskeie streke plaasgevind het. Twee Drakensberger kuddes is as algehele wenners (onder alle rasse wat by Stamboek geregistreer is) in hulle onderskeie streke aangewys. Die Bollie stoet van Mnr Edwin Schroeder is as algehele wenner in die Kwa Zulu Natal streek aangewys en die Black Hills Drakensbergers stoet van Mnr'e Jean van der Merwe en Willie Landman is as algehele wenner in die Noordelike streek (Noordwes, Limpopo, Gauteng en Mpumalanga) aangewys. Die kuddes het onderskeidelik Goud en Platium toekenings ontvang. Black Hills Drakensbergers is die enigste kudde wat 'n platinum toekenning ontvang het.

Een Platinum, vier goue toekennings, ses silwer toekennings en tien brons toekennings is aan Drakensberger kuddes oorhandig.

Die volgende kudde het 'n platinum toekenning ontvang:

- Black Hills Drakensberger stoet

Die volgende vier kuddes het almal Goue toekennings ontvang:

- Mnr Edwin Schroeder
- Van Dyk Broers
- Mnr Gawie Roux
- Mnr Magiel Blom

Die volgende ses kuddes het almal silwer toekennings ontvang:

- Nitique Drakensbergers
- Mnr Johan Rautenbach

- Mnr Carel Nel
- Mev Liesel Foster
- Mnr DF du Toit
- Dr Johann Fourie

Die volgende tien kuddes het almal brons toekennings ontvang:

- Buffalo Valley Farms
- Mnr van Zyl Naudé
- Mnr Pierre Uys
- Dr. Frederick Barnard
- Mnr Daan Bothma
- Mnr Udo Beneke
- Mnr Leonard Neuman
- Neuman Broers
- Drs. Jan en Frans Erasmus
- Mnr Manie van Staden

Baie geluk aan elke teler met die besondere prestasie. Vir meer inligting oor die Drakensberger Ras, besoek gerus ons webblad by www.drakensberger.co.za of stuur ‘n epos aan ronande@studbook.co.za

Meer oor kriteria van toekennings…

Toekennings word binne spesie gemaak op grond van die objektiewe evaluasie van:

- Die vlak van aantekening binne die kudde
- Reproduksie-prestasie, soos die aantekening van dek-inligting, geboorte-inligting, tussenkalfperiode en ouderdom van eerste geboorte van die kudde teenoor die rasstandaard.
- Tydige produksie-aantekening
- Akkuraatheid van data en die periode vanaf meting tot instuur na Logix
- Gereelde deelname aan aantekening (registrasie en produksie)
- Genetiese vlak van die kudde binne die ras
- Deelname aan genootskaps- en bedryfsaktiwiteite

EINDE